



**IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA
(WESTERN CAPE HIGH COURT, CAPE TOWN)**

Case No. SS06/11

In the matter between:

THE STATE

and

**CHANTEL BOOYSEN
QUINTON AYSEN**

Accused 1
Accused 2

Coram: ROGERS AJ
Judgment: ROGERS AJ
Heard: 1 – 4, 8, 10-11, 15, 17-18 August 2011
Delivered: 18 August 2011

For the State: *Adv S Raphels*

For Accused 1: *Adv D Theunissen*

For Accused 2: *Ms F Viljoen*

Paragraphs 1 – 12 are reportable as they deal with an issue (discharge in cases of multiple accused) on which there is not a great deal of guidance in reportable judgments). The rest of the judgment is purely factual.

IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA
(WES-KAAPSE HOË HOF, KAAPSTAD)

Saak No: SS06/11

In die saak tussen:

DIE STAAT

v

CHANTEL BOOYSEN
QUINTON AYSEN

Eerste Beskuldigde
Tweede Beskuldigde

UITSPRAAK

ROGERS WR

1. Die twee beskuldigdes, na wie ek gerieflikheidshalwe as Booysen en Aysen onderskeidelik sal verwys, staan tereg op een klag van moord. Die akte van beskuldiging beweer dat op of omtrent Vrydag 21 Mei 2010 en te of naby Pam Hof 6 Manenberg die beskuldigdes wederregtelik en opsetlik vir Caleb Booysen, 'n minderjarige manlike persoon, gedood het deur hom aan te rand met hul hande en/of stomp voorwerpe. Die akte van beskuldiging beweer dat die bepalinge van a51(1) van Wet 105 van 1997 gelees met paragraaf (d) van Deel 1 van Skedule 2 tot daardie Wet van toepassing is deurdat die misdaad deur 'n persoon, groep persone of sindikaat wat in die uitvoering of te bevordering van 'n gemeenskaplike

doel of sameswering handel, gepleeg is. Met ander woorde, dit word beweer dat Booysen en Aysen vir Caleb vermoor het in die uitvoering of te bevordering van 'n gemeenskaplike doel.

2. Albei beskuldigdes het onskuldig gepleit. Ter verduideliking van haar pleit het Booysen deur haar regsverteenwoordiger, Mnr Theunissen, gesê dat sy op 21 Mei 2010 om en by 17h00 Pam Hof 6 verlaat het op 'n stadium toe Caleb nog lewend en gesond was en in die toesig van Aysen, dat sy teen ongeveer 19h00 na die woonstel teruggekeer het en dat sy met haar terugkoms ontdek het dat Caleb nie asem gehaal het nie. Aysen, wat deur me Viljoen verteenwoordig was, het gekies om geen verduideliking van sy pleit aan te bied nie.
3. Die aanklaer, me Raphels, het toe die Staatsgetuies geroep. Hierdie getuies was (in die volgorde wat hulle getuig het): Rosaline Boltman ('n inwoner van Pam Hof), Forence Andrews (Booysen se niggie), William Bussack en Johanna Goeieman (albei inwoners van Pam Hof), Sers S Magidiwana (die eerste polisiebeampte op die toneel), Konst Eksteen (die polisiebeampte wat Aysen op Saterdag 22 Mei 2010 gearresteer het), Cynthia Booysen (Booysen se ma), Dr IH Alli (die forensiese patoloog wat die nadoodse ondersoek behartig het), en Konst Witbooi (die ondersoekbeampte wat onderhoude met albei Booysen en Aysen gevoer het). Ek sal weereens gerieflikheidshalwe na hierdie getuies verwys deur hul vanne te gebruik.
4. Sekere formele erkennings is kragtens a220 van die Strafproseswet gemaak voordat die Staat sy saak gesluit het. Ingevolge bewysstuk B, saamgelees met aanhangsels C tot F daarvan, het die beskuldigdes erkennings oor die volgende aangeleenthede gemaak: die uitkenning van

Caleb se liggaam; dat geen verdere beserings aan sy liggaam veroorsaak is na die misdaad gepleeg is; die inhoud van Dr Alli se nadoodse ondersoekverslag; dat 'n monster van Caleb se bloed die teenwoordigheid van 0.3 mg/l metakaloon (dws mandrax) aangetoon het; en ander formele sake wat met die ketting van die forensiese getuienis verband gehou het. Hulle het ook 'n stel fotos van Caleb se liggaam (bewysstuk G) en 'n stel fotos wat die toneel te Pam Hof 6 uitbeeld, formeel erken. Die beskuldigdes het ook erken dat Caleb om 20h05 op 21 Mei 2010 formeel dood verklaar is. (Hierdie was nie 'n erkenning van die tyd wat hy gesterf het nie. Soos aanstons sal blyk, het die getuienis bewys dat Caleb nie later as 18h50 gesterf het.)

5. Gedurende die loop die Staat se saak het me Raphels gepoog om die oorkonde van die getuienis wat Booysen tydens haar borgaansoek gegee het op te handig. Ek het besluit dat daardie oorkonde nie as deel van die Staat se saak toelaatbaar was nie en ek het volle redes op daardie stadium vir my besluit verskaf. Ek het verder besluit dat me Viljoen se aansoek namens Aysen dat die borgoorkonde deur die hof aanvaar moet word ten minste vir doeleindes van Aysen se verweer (sien *S v Aimes en 'n Ander* 1998 (1) SASV 343 (K)) voortydig was en liewers moet oorstaan tot tyd en wyl Booysen besluit het om te getuig.
6. Aan die einde van die Staat se saak het albei beskuldigdes aansoek om ontslag kragtens a174 gedoen. Ek het die aansoeke geweier. Albei beskuldigdes het toe hulle sake gesluit sonder om getuienis aan te bied.
7. Toe ek die aansoeke kragtens a174 geweier het, het ek gesê dat ek volle redes vir die besluit aan die einde van die saak sal verskaf. Ek het nogtans op daardie stadium 'n kort aanduiding van die basis van my besluit gegee, naamlik [a] dat in die geval van Booysen, ek van mening

was dat daar getuienis was waarop 'n redelike persoon haar skuldig mag vind (gerieflikheidshalwe sal ek hierna as 'n "*prima facie saak*" verwys) [b] dat in die geval van Aysen, alhoewel ek van mening was dat daar geen *prima facie* saak teen hom was nie, dit nie onredelik was nie om te vermoed dat Booysen mag kies om getuienis aan te bied en dat sy sodoende Aysen sou inkrimineer nie.

8. Wanneer daar 'n *prima facie* saak teen 'n beskuldigde aan die einde van die Staat se saak is, is die hof nie by magte om die beskuldigde in gevolge a174 te ontslaan nie (*S v Lubaxa* 2001 (2) SASV 703 (HHA) para 11). Ek was die mening toegedaan dat die Staat se getuienis 'n *prima facie* saak teen Booysen uitgemaak het, maar nie teen Aysen nie. Die redes vir hierdie gevolgtrekking sal later uit hierdie uitspraak blyk.
9. Nieteenstande die afwesigheid van 'n *prima facie* saak teen Ayson, blyk dit uit *Lubaxa* dat omstandighede kan ontstaan waar 'n hof in sy diskresie ontslag mag weier as die moontlikheid bestaan dat die beskuldigde teen wie daar geen *prima facie* saak is deur sy mede-beskuldigde geinkrimineer mag word (paras 20-21). Die hof in *Lubaxa* het dit nie wenslik geag om die presiese omstandighede te bepaal waarin ontslag toegestaan of geweier behoort te word waar hierdie moontlikheid bestaan nie, omdat dit nie 'n aangeleentheid is wat *in abstracto* besluit kon word nie. In *S v Nkosi en 'n Ander* [2011] ZASCA 83 het die hof besluit dat een van twee beskuldigdes in daardie saak op die einde van die Staat se saak ontslaan behoort te gewees het omdat daar geen *prima facie* saak op daardie stadium teen hom was nie en omdat daar geen rede bestaan het om te verwag dat sy mede-beskuldigde (teen wie daar wel 'n *prima facie* saak was) hom sou inkrimineer nie (paras 24-27).

10. As daar twee beskuldigdes is en as daar geen *prima facie* saak teen ten minste een van hulle is nie, sou dit volgens my mening nie in ooreenstemming wees met die beginsels wat in *Lubaxa* neergelê is om ontslag te weier eenvoudig op grond daarvan dat daar rede is om te glo dat as een of albei sou kies om getuienis te gee hulle die vinger na die ander sal wys nie. As daar geen *prima facie* saak teen die twee beskuldigdes is nie, sou dit net deur 'n oordeelsfout soos beoog in paragraaf 16 van *Lubaxa* wees, dat een of albei van die beskuldigdes 'n keuse sou maak om getuienis af te lê. Inderdaad, as die hof in so 'n geval ontslag weier en as die hof op daardie stadium redes vir sy besluit verskaf, sou dit net deur 'n katastrofiese flater was dat een of albei van die beskuldigdes sou dan kies om getuienis aan te bied. Anders gestel, as die hof uitdruklik verklaar dat daar geen *prima facie* saak teen die beskuldigdes is nie, maar dat een van hulle nogtans mag kies om getuienis te gee en sodoende die ander te inkrimineer, sou die hof se boodskap aan die beskuldigdes effektief wees dat as albei swyg, albei onskuldig bevind sal word. Dit sou ook nie reg wees as die hof, ten einde hierdie boodskap te verswyg, sy redes vir die weiering van ontslag weerhou, omdat die enigste doel vir die weerhouding van redes dan sou wees om die beskuldigdes in die duister te laat oor die hof se siening van die sterkte van die Staat se saak teen hulle. Wat nog erger is, is dat die hof se stilswye die wanindruk onder die beskuldigdes mag skep dat die hof wel van mening is dat daar 'n *prima facie* saak teen hulle is.
11. Die posisie is anders, na my mening, as, soos in die huidige geval, daar 'n *prima facie* saak teen een (X) van twee beskuldigdes (X en Y) is. In so 'n geval is dit nie onredelik om te verwag dat X mag kies om getuienis af te lê nie. As X in so 'n geval besluit om geen getuienis aan te bied nie is dit nogsteeds moontlik dat hy onskuldig bevind mag word, maar die *prima*

facie saak stel hom in gevaar om skuldig bevind te word. Die moontlikheid dat hy mag kies om getuienis te gee hang nie af van 'n beoordeelingsfout soortgelyk aan dié wat in in paragraaf 16 van *Lubaxa* beoog is nie. As daar boonop rede is om te verwag dat X, indien hy getuienis gee, vir Y sal inkrimineer, sal dit volgens my mening, die behoorlike regspleging onder verdenking bring om vir Y te ontslaan. Nadat X getuig het mag daar wel 'n *prima facie* saak teen Y wees. As Y dan kies om te getuig, sal dit op sterkte wees van die verdere getuienis wat deur X voor die hof geplaas is.

12. Soos aangedui, toe ek ontslag geweier het, het ek 'n beknopte aanduiding van die basis van my besluit verskaf. Dit is nie ongewoond dat 'n hof ontslag weier sonder om redes op daardie stadium te gee nie. Nogtans blyk dit vir my dat 'n beskuldigde op billikheidsgronde daarop geregtig is om te weet, voordat hy besluit of hy getuienis sal aanbied, of ontslag geweier is op grond van die hof se mening dat daar 'n *prima facie* saak teen hom is of op of grond van 'n uitoefening van die hof se diskresie. In die huidige aangeleentheid was ek die mening toegedaan dat Aysen nie onder 'n wanindruk behoort geplaas te word nie, naamlik dat die hof van mening was dat daar 'n *prima facie* saak teen hom was nie. Met ander woorde, ek was van mening dat Aysen geregtig was om te weet dat as geen verdere getuienis in die saak aangebied word nie (met ander woorde, as Booyen geen getuienis aangebied het nie) hy nie geroepe was om 'n verweer te opper nie.
13. Soos genoem, het albei beskuldigdes hul sake gesluit op Donderdag 11 Augustus 2011 sonder om getuienis aan te bied. Die saak is daarna tot Maandag 15 Augustus vir betoog uitgestel . Tydens betoog het Me Raphels heeltemal tereg toegegee dat die Staat nie sy saak teen Aysen

bewys het nie. Onmiddelik na die voltooiing van argument het die hof vir Aysen vrygespreek en uitspraak, wat Booysen betref voorbehou. Ek het aangedui dat die voorbehoude uitspraak met die saak teen albei beskuldigdes sou handel.

14. Ek moet nou die stand van sake aan die einde van die hele saak in oorweging neem.
15. Ten tye van sy dood was Caleb twee jaar en twee maande oud. Booysen was sy ma. Die kind se pa was ene Vincent. Ten tye van Caleb se afsterwe het was Vincent in die tronk. Booysen het by Pam Hof 6 gebly. Aysen was haar kêrel en het saam met haar gewoon te Pam Hof.
16. Soos aangedui, was Caleb formeel om 20h05 op 21 Mei 2010 dood verklaar. Dr Alli, 'n mediese dokter met sewe jaar ondervinding in forensiese patologie, het die nadoodse ondersoek op 24 Mei 2010 behartig. Gedurende sy getuienis het hy die inhoud van sy nadoodse ondersoekverslag (bewysstuk D) verduidelik en daarop uitgebrei met verwysing *inter alia* na die fotos in bewysstuk G.
17. Caleb se liggaam was uitwendig oortrek met verskeie kneusings en verskeurings. Hierdie beserings was op sy kopvel, gesig (insluitende sy mond), linker arm en pols, maag, laer rug, lies en boude. 'n X-straal het 'n buigbreuk van die binne en buitekant van die linker pols aangedui. Inwendig was daar kneusings van die diafragma, perikardiel sak, anterior abdominale wand en derms. Daar was skeure in die mesenterium (die weefsel wat die ingewande aan die agterkant van die abdominale wand heg). Die linker nier het perinefriesse bloeding getoon, 'n besering wat dr Alli met die uitwendige kneusing op Caleb se laer rug geassosieer het. Met disseksie het kneusings van die testes voorgekom. Vrye bloed het by

twee plekke in die abdominale holte voorgekom wat onderskeidelik 40 ml en 100-120 ml gemeet het. Daar was ook swelling van die brein.

18. Dr Alli het al hierdie beserings as vars beskryf en verenigbaar met toediening in wat hy as 'n "*single incident period*" beskryf het. Hy het hierdie gevolgtrekking gemaak op sterkte van die kleur van die kneusings. Die gewrig fraktuur was ook van onlangse oorsprong (daar was geen tekens van genesing; 'n buigbreek van hierdie aard sou binne 'n dag of twee opgeswel het en pyn veroorsaak het). Hy het een ouer besering opgemerk - 'n kneusing op die agterkant van die linker kuit.
19. Dr Alli het getuig dat die abdominale holte geen vrye bloed behoort te bevat nie en dat die bloedpoele wat hy in Caleb se abdominale holte gevind het nie deur die nadoodse disseksie veroorsaak kon geword het nie. Die bloed moes in die holte gesypel het terwyl Caleb nog geleef het. Dr Alli se mening was dat hierdie bloeding hoofsaaklik van die skeuring van die mesenterium afkomstig was. Die verlies aan bloed vanaf hierdie besering asook vanaf die ander beserings sou geleidelik gebeur het. Geen groot are was gedurende die aanval op Caleb geskeur nie en geen skielike katastrofiese bloed verlies het plaasgevind nie.
20. Caleb het uiteindelik aan 'n verlies van bloed beswyk, dws die verlies van die bloed wat in die abdominale holte en in verskeie kneusings gesypel het en wat dus uit die bloedsomloopstelsel verlore gegaan het. Hierdie bloed verlies sou die bloedvloei na die brein verminder het met uiteindelijke fatale aantasting van alle lewensfunksies. Dr Alli se skatting was dat Caleb 'n paar uur na die aanranding sou gesterf het ("*a few hours*"). In kruisondervraging het hy 'n tydperk van drie tot vier ure geskat. Met die geleidelike verlies aan bloed sou Caleb meer en meer lomerig geraak het met bewussynsverlies. Vir 'n tydperk na die

aanranding sou hy miskien kon rondgerol en beweeg het, maar hy sou nie in staat gewees het om aan 'n kind se gewone dagsbedrywighede deel te neem nie.

21. Daar was kruisondervraging van Dr Alli oor die verskynsel van *rigor mortis*. Hierdie ondervraging het ten doel gehad het om getuienis te ontlok oor die waarskynlike tyd van afsterwe. Dr Alli het getuig dat *rigor mortis* gewoonlik oor 'n tydperk van drie tot ses uur plaasvind. *Rigor mortis* sou in 'n klein and minder-gespierde liggaam stadiger gebeur as in 'n groter en gespierde liggaam. *Rigor mortis* ontwikkel vinniger in 'n warm omgewing as in 'n koue omgewing . Dit het geblyk dat voor sy kruisondervraging Dr Alli deur Mnr Theunissen gevra is om 'n tweeminuut video van Caleb se liggaam te kyk. Hierdie video was na bewering om 21h28 op 21 Mei 2010 opgeneem. Die video was nie aan die hof getoon nie en dr Alli kon uit die aard van die saak geen bevestiging gee van die tydstip waarop dit opgeneem was nie. Hoe dit ook al sy, is hy gevra of hy daarmee saam stem dat die liggaam geen tekens van *rigor mortis* aangetoon het nie. Sy antwoord was dat dit moeilik vir hom was om daardie beoordeling net op sterkte van die video te maak, maar hy het toegegee dat dit geblyk het dat Caleb se arm buigbaar was(dws die arm was nie by die elmboog styf nie).
22. Dr Alli het getuig dat die beserings wat Caleb opgedoen het nie deur gewone spel veroorsaak kon gewees het nie. Die beserings was met aansienlike krag toegedien. Hy het die beserings gelykgestel aan dié wat mag voorkom as gevolg van 'n val van vyf tot ses meter. Daar was geen deurdringing van die vel, wat aangedui het dat die interne beserings deur "*blunt force*" veroorsaak was.

23. Dr Alli was deur me Viljoen gevra of Caleb se beserings toegedien kon gewees het so onlangs as twee uur voor sy dood. (Hierdie tydperk was relevant tot Aysen se verweer, omdat Booysen beweer het dat sy vir Caleb in Aysen se toesig gelaat het vir ongeveer twee uur voor die kind se dood.) Dr Alli kon nie daardie moontlikheid uitsluit nie.
24. Daar was geen getuienis van enige getuie wat die aanval op Caleb gesien of gehoor het. Daar was dus geen direkte getuienis oor die tyd van die aanval of oor wie die pleger sou gewees het nie.
25. Bussack se getuienis was dat hy en sy vriend Ismail by Booysen se woonstel teen ongeveer 09h00 op 21 Mei 2010 aangedoen het en dat hulle heroïen daar gerook het. Hy het gesê dat Booysen, Aysen en Caleb teenwoordig was. Mnr Theunissen het dit aan Bussack gestel dat alhoewel sy kliënt sou aanvaar dat Bussack somtyds heroïen by haar woonstel gerook het, sy sou ontken dat so 'n besoek op 21 Mei 2010 plaasgevind het. Bussack was vasbeslote dat hy en Ismail daardie oggend vir Booysen besoek het. Hy het onthou dat hierdie besoek op die dag van Caleb se dood gebeur het. Omdat Booysen geen getuienis aangebied het nie, het ek geen rede om Bussack se getuienis te verwerp nie. Uit sy beskrywing van die besoek blyk dit dat Caleb teen ongeveer 09h00 op 21 Mei 2010 nog lewend en gesond was.
26. Bussack het getuig dat nadat hul klaar gerook het, Ismail, Booysen en hy Pam Hof verlaat het om na Ismail se huis te stap om kos vir Caleb te kry. Hulle was net 'n kort rukkie by Ismail se huis. Booysen het toe na Pam Hof teruggekeer. Bussack het ook 'n kort tydjie daarna weer by Pam Hof aangedoen. Hy wou weer daar rook. Aysen het die deur skyns oopgemaak en vir hom gesê dat Booysen nie daar was nie en dat hulle nie

binne mag kom nie. Bussack het nie vir Caleb op daardie tydstop gesien nie.

27. Daar was geen verdere direkte getuienis oor Caleb se toestand op 21 Mei 2010 voor ongeveer 18h50 daardie aand. Boltman, wat in 'n ander gedeelte van Pam Hof woonagtig was, is kort voor 18h50 deur Aysen geroep. Hy het aan haar deur geklop en gesê dat Booysen na haar soek. Boltman het geantwoord (sonder om die deur op te maak) dat sy besig was. 'n Kort ruk daarna het Aysen weer geklop en gesê dat Booysen wou hê dat sy na haar woonstel moet kom omdat Caleb nie asem gehaal het nie. By hierdie geleentheid het Boltman opgelet dat dit 18h50 was. Sy en haar man het onmiddellik hande gewas, lyfolie gevat en na Pam Hof 6 gehaas. Sy het Caleb se been aangeraak en gevoel dat dit koud was. Sy en haar man het Caleb se liggaam met olie gesalf en vir hom gebid.
28. Boltman se getuienis was nie in kruisondervraging wesentlik betwis nie. Uit Booysen se pleitverduideliking en uit wat sy vir die ondersoekbeampte, Witbooi, gesê het, kan 'n mens die gevolgtrekking maak dat Boltman geroep was op 'n stadium toe Caleb nie meer asemgehaal het nie. Saamgevat met Boltman se getuienis dat Caleb se been alreeds koud was, en by die afwesigheid van enige kruisondervraging van Boltman om te suggereer dat Caleb op daardie stadium enige tekens van lewe getoon het, kan dit aanvaar word dat Caleb teen nie later as 18h45 op 21 Mei 2010 gesterf het.
29. Goeieman het getuig dat sy êrens tussen 13h00 en 14h00 op 21 Mei 2010 by die hoek buite Pam Hof gesit het toe sy sien hoe Booysen met 'n rugsak verby stap. Mnr Theunissen het aan haar in kruisondervraging gestel dat dit nie gebeur het nie.

30. Andrews het getuig dat Booysen (haar niggie) haar vroeg die aand van 21 Mei 2010 besoek het om iets te kry om te eet en om geld vir elektrisiteit te leen. Andrews het gesê dat Booysen voor 18h00 gearriveer het. Sy het vir 'n kort rukkie gebly, miskien 'n halfuur, beslis nie meer as 'n uur nie. Onder kruisondervraging deur mnr Theunissen het Andrews bevestig dat die program *7de Laan* op die televisie gespeel het op 'n stadium toe Booysen nogsteeds daar gekuier het. Daardie program vertoon tussen 18h30 en 19h00. Mnr Theunissen het vir Andrews in kruisondervraging gesê dat Booysen met haar saamstem dat sy by Andrews se huis voor 18h00 aangedoen het. Mnr Theunissen het toe aan Andrews gestel dat Booysen Andrews se huis voor *7de Laan* klaar was verlaat het om na Pam Hof terug te keer. Andrews het dit nie betwis nie.
31. Booysen het vir Sers Magidiwana, wat teen ongeveer 19h15 op 21 Mei 2010 by die toneel opgedaag het, gesê dat sy vir Caleb in Aysen se toesig gelaat het teen ongeveer 17h00 en dat sy ongeveer 19h00 teruggekeer het en gevind het dat die kind dood was. Sy het vir Magidiwana gesê dat sy vir Caleb van die slaapkamer (waar hy gelê het) na die voorkamer gedra het. Caleb het in die voorkamer gelê toe Boltman en haar man ingestap het om vir die kind te bid.
32. Booysen het hierdie weergawe herhaal toe Konst Witbooi later daardie aand 'n onderhoud met haar gevoer het. Witbooi het ook getuig dat sy gedurende hierdie onderhoud vir hom gesê het dat sy alleen in die woonstel met Caleb was terwyl Aysen by die werk was en dat toe Aysen vanaf die werk teruggekeer het, sy die woonstel verlaat het om geld by Andrews te gaan leen. Ten tye van hierdie onderhoud was Booysen nie 'n verdagte nie. Die onderhoud met haar op daardie stadium was as 'n getuie. Aysen het verdwyn kort nadat Boltman by die woonstel

aangedoen het om vir Caleb te bid, en Aysen was op daardie stadium die persoon wat vermoedelik vir Caleb doodgemaak het.

33. Gedurende kruisondervraging het mnr Theunissen aan Witbooi gestel dat Booysen nie vir hom gesê het dat Aysen by die werk was tot en met 17h00 nie. Witbooi se antwoord was dat Booysen inderdaad vir hom gesê het dat Aysen by die werk was, maar dat sy nie vir hom spesifieke tye genoem het nie. Ek het uit sy getuienis verstaan dat omdat Booysen vir hom gesê het dat sy die woonstel teen ongeveer 17h00 verlaat het, en omdat sy haar vertrek met Aysen se terugkoms gekoppel het, hy die afleiding gemaak het dat Aysen teen ongeveer 17h00 teruggekom het. Mnr Theunissen het ook aan Witbooi gestel dat Booysen nie vir hom gesê het waar Aysen was toe hy weg was van die woonstel af nie. Met ander woorde, sy het nie geweet wat hy gedurende sy afwesigheid gemaak het nie.
34. Wat Aysen se weergawe betref, het Eksteen getuig dat onmiddelik nadat Aysen gedurende die oggend van 22 Mei 2010 gearresteer is, hy vrywillig aan Eksteen meegedeel het dat vroeër die vorige dag (21 Mei 2010) Booysen vir Caleb geslaan het en teen 'n tafel geslinger het. Hy het ook gesê dat gedurende die aand van 20 Mei 2010 Booysen vir Caleb met haar hande half-verwurg het. (Daar kan hier genoem word dat die nadoodse ondersoek interne kneusings op die linker kant van die nek area geopenbaar het.) Aysen het ontken dat hy enigiets aan Caleb gedoen het nie en het gesê dat die polisie liewers vir Booysen moet vra wat met die kind gebeur het. Hy het vir Eksteen gesê dat hy vroeg die aand na die woonstel teruggekeer het en dat Booysen toe uitgegaan het. Hy het gedink dat Caleb geslaap het. Met Booysen se terugkeer het sy na Caleb

gekyk en het sy gevind dat hy nie asem gehaal het nie. Sy het Aysen gestuur om hulp te kry.

35. In haar kruisondervraging van Witbooi het me Viljoen aan hom gestel dat Aysen eers tussen 17h30 en 18h00 na Pam Hof teruggekeer het, en nie teen 17h00 soos Booysen aan Witbooi beweer het nie.
36. Andrews het getuig dat haar huis nie verder as 'n stappie van ongeveer 15 minute vanaf Pam Hof 6 geleë is nie. Sy het ook getuig dat Booysen nie langer as 'n uur by haar gekuier het nie. Aangesien Boltman teen ongeveer 18h50 geroep was, en aangesien dat dit Booysen se weergawe is dat hulp onmiddelik na haar terugkoms by die woonstel geroep was, kan 'n mens die gevolgtrekking maak dat sy moes teen ongeveer 18h45 by Pam Hof 6 gearriveer het. Dit sou aandui dat sy Andrews se huis kort na 18h30 (dws kort na die begin van *7de Laan*) verlaat het. As 'n mens die veronderstelling in Booysen se guns gemaak dat sy by Andrews vir 'n volle uur gekuier het (Andrews se langste skatting van die tydsduur van die besoek) sou Booysen by Andrews se huis teen ongeveer 17h30 aangekom het. Die sou haar vertrek vanaf Pam Hof op 17h15 ten vroegste plaas. Hierdie gevolgtrekking spruit voort uit die getuienis van die Staat se getuies en van dit wat Booysen self aan die polisie gesê het en wat sy deur haar regsverteenvoerder aan die getuies gestel het.
37. Wat Aysen betref, daarteen, kan nie gesê word dat hy beslis so vroeg as 17h15 na Pam Hof teruggekeer het nie. So 'n gevolgtrekking sou in gedeelte op Booysen se verklarings rus, en daardie verklarings is nie teen Aysen toelaatbaar nie. Die meeste wat van hom gesê kan word is dit wat hy deur me Viljoen beweer het, naamlik dat hy tussen 17h30 en 18h00 by Pam Hof teruggekeer het. Hierdie weergawe mag wel waar wees, omdat my gevolgtrekking (wat Booysen betref) dat sy die woonstel nie vroeër as

17h15 verlaat het, nie die redelike moontlikheid uitsluit dat sy die woonstel eers na 17h30 kon verlaat het nie. Byvoorbeeld, as haar besoek aan Andrews se huis net 'n halfuur geduur het, sou dit beteken dat sy Pam Hof teen ongeveer 17h40 verlaat het en dat sy by Andrews se huis net voor 18h00 aangedoen het.

38. In die afwesigheid van getuienis van die twee beskuldigdes sien ek geen gronde – wat Booysen betref – om nie op haar verklaring aan Witbooi te steun nie, naamlik dat Aysen se terugkeer na die woonstel en haar vertrek om Andrews te besoek in kousale verband gestaan het nie.
39. In die proses van redenering deur afleiding wat hierdie saak verg, is daar sekere verdere feite waarna ek nou verwysing moet maak. Goeieman en Bussack het getuig dat hulle gesien het hoe Booysen vir Caleb op vorige geleenthede mishandel het.
40. Bussack, wat vriende met Caleb se pa, Vincent, was, het vir die polisie in sy verklaring gesê (en in sy getuienis bevestig) dat hy van tyd tot tyd by Booysen se woonstel gekuier het om dwelms te rook. Booysen het gereeld op Caleb geskreeu en gevloek, waarop hy gehuil het. Dit was Bussack se mening dat veral nadat Caleb se pa na die tronk gestuur is, Booysen gefrustreerd met Caleb geraak het. Hy het egter nooit gesien dat Booysen vir Caleb slaan nie.
41. Soos vroeër opgemerk, het Bussack en sy vriend Ismail by Booysen se woonstel op die oggend van 21 Mei 2010 gekuier om heroïen te rook. Hy het getuig dat Caleb begin huil het en dat Booysen toe vir hom getart en hom nageaap het. Ismail het beswaar gemaak en gesê dat Caleb miskien net honger was. Nadat hulle klaar gerook het, het hulle saam met Booysen vertrek om kos vir Caleb te gaan haal.

42. Aysen was nie aan Bussack wel bekend nie. Aysen was 'n vriend van Bussack se pa. Bussack het getuig dat hy nooit gesien het dat Aysen vir Caleb mishandel het nie (he was "*nooit snaaks met Caleb nie*"). Hy het nooit gesien dat Aysen die kind slaan of op hom vloek nie. Intendeel, daar was geleenthede waar Aysen met Bussack gepraat het en vir hom gevra het om met Booysen te praat oor haar hantering van Caleb.
43. Mnr Theunissen het nie in sy kruisondervraging van Bussack, laasgenoemde se beskrywing van die manier waarop Booysen en Aysen onderskeidelik vir Caleb behandel het, betwis nie. Hy het Bussack uitgenooi om kommentaar te lewer op Booysen se verduideliking, naamlik dat sy gefrustreerd geraak het weens die feit dat sy alleen met die kind gelos is en dat daar 'n tekort aan kos en geld was. Bussack het saamgestem en het bevestig dat Booysen oor hierdie probleme met hom gesels het.
44. Goeieman se ma het by Pam Hof gebly. Om redes wat nie duidelik is nie, het Goeieman (wat 24 jaar oud is) en haar baba vir 'n paar aande net voor 21 Mei 2010 by Pam Hof 6 oorgeslaap. Sy het getuig dat op die aand van 18 Mei 2010 sy in die voorkamer met haar baba was terwyl Booysen en Caleb in die slaapkamer was. Sy het gehoor hoe Booysen vir Caleb vloek en het 'n enkele klap met 'n plat hand gehoor. Caleb het toe huilend na die voorkamer deurgeloop waar Goeieman hom probeer troos het. Op 19 Mei 2010 was daar 'n verdere voorval waar Booysen vir Caleb gevloek het en 'n leë beker met aansienlike krag in Caleb se gesig gegooi het. Die volgende dag (20 Mei) het Goeieman en Booysen buite 'n koskombuis tougestaan. Dit het geblyk dat Caleb in die pad wou hardloop. Booysen het hom teen die agterkop geklap en hom grof aan die kraag teruggeruk. In die algemeen was dit Goeieman se getuienis dat

Booyesen baie ongeduldig met Caleb was en dat sy hom gereeld geslaan en gevloek het. Sy het ook 'n voorval waargeneem waar Caleb sy ma, wat gesit het, genader het, en sy het gesien hoe Booyesen toe vir hom met haar voet wegstamp.

45. Alhoewel sekere besonderhede van Goeieman se getuienis in kruisondervraging betwis is, was haar algemene beskrywing van Booyesen se verhouding met Caleb nie ingeskil geplaas nie. Weereens was dit aan Goeieman vir haar kommentaar gestel dat Booyesen se frustrasie met Caleb voortgevloei het uit die feit dat Vincent in die tronk was en uit haar armoede. In die afwesigheid van getuienis vanaf Booyesen vind ek geen rede om die besonderhede van Goeieman se getuienis te verwerp nie.
46. Booyesen se ma, Cynthia, het ook sekere voorvalle van rowwe hantering van Caleb deur Booyesen beskryf. Ek is nie geneig om veel gewig aan hierdie getuienis te heg nie. Sy het 'n slegte verhouding met haar dogter gehad. My indruk was dat Cynthia Booyesen se verstand deur die misbruik van dwelms en/of alkohol erg aangetas is.
47. Soos opgemerk, het Bussack getuig dat hy het nooit gesien dat Aysen vir Caleb mishandel het nie en dat Aysen in teendeel namens Caleb tussenbeide getree het. Daar was geen ander getuienis wat 'n mens sou laat dink dat Aysen ooit geweldig teenoor die kind opgetree het nie. Aysen was nie Caleb se pa nie. Hy het geen formele verantwoordelikheid vir Caleb sy welsyn gedra nie. Mnr Theunissen het dit nie aan Bussack, of aan enige ander getuie, gestel dat, volgens Booyesen, Aysen ooit rof teenoor die kind sou opgetree het nie.

48. Ek wend my nou tot oorweging van die afleidings wat op redelik sterkte van die getuienis gemaak kan word. Ek handel eerstens met Booysen. Die beoordeling van die Staat se saak teen haar, sluit in die getuienis wat in haar weergawe aan die polisie bevat is asook die stellings van haar regsverteenvoerder aan die getuies. Daar is ook die weergawe wat Aysen aan die polisie gegee het. Alhoewel hierdie weergawe (wat Booysen betref) op hoorsê neerkom, het me Raphels in die loop van die Staat se saak kennis gegee van haar voorneme om daarop te steun teen Booysen. Mr Theunissen het nie teen die toelating van die hoorsê getuienis op hierdie basis beswaar gemaak nie met dien verstande dat die gewig wat daarop geplaas kan word 'n heel ander kwessie was.
49. In die proses van redenering deur afleiding is die kritieke vraagpunte die volgende: [a] of die afleiding dat Booysen vir Caleb die beserings toegedien het met al die bewese feite strook, en [b] of die bewese feite elke ander redelike afleiding uitsluit (*R v Blom* 1939 AD 188 op 202-203; *S v Bredenhann* [2009] 2 All SA 135 (HA) para 6; *S v Nduna* 2011 (1) SASV 115 (HA) para 14).
50. In wese was Booysen se weergawe aan die polisie en deur haar regsverteenvoerder dat Caleb aangerand is nadat sy die woonstel verlaat het om vir Andrews te besoek. Sy het daardeur vir Aysen geinkrimineer. Dit maak dus sin om met die afleiding wat sy wou hê die hof moet maak te begin, naamlik dat Aysen vir Caleb aangerand het terwyl sy by Andrews gekuier het. Hierdie was dan ook die alternatiewe afleiding waarop Mr Theunissen in sy betoog gesteun het (dws as alternatief tot die afleiding dat sy kliënt die misdaad gepleeg het).

51. Ek het alreeds gesê dat Booysen nie vroeër as 17h15 haar woonstel kon verlaat het nie en dat Caleb dood gevind is toe sy na die woonstel teen ongeveer 18h45 teruggekeer het. Dr Alli se getuienis was dat Caleb se dood 'n "*few hours*" nadat die beserings toegedien is, sou gevolg het. Alhoewel hy nie die moontlikheid kon uitsluit dat die beserings so onlangs as twee ure voor dood toegedien was nie, was die algemene trant van sy getuienis aanduidend van 'n langer periode. 'n Tydperk van net 'n uur en 'n half vanaf aanranding tot sterwe blyk nie met sy getuienis as geheel te strook nie. Sy getuienis onder kruisondervraging oor die kwessie van *rigor mortis* blyk nie vir my die saak veel verder te voer nie. Die video (wat die afwesigheid van *rigor mortis* kwansuis sou aangedui het) was nie behoorlik bewys nie en was nie as getuienis aangebied nie. Al aanvaar 'n mens dat die video teen 21h28 opgeneem is en dat geen *rigor mortis* op daardie stadium aanwesig was nie, sou dit slegs 'n aanduiding wees dat Caleb minder as ses uur vroeër moes gesterf het. Uit ander getuienis weet ons dat Caleb teen nie later as 18h45 gesterf het (dws ongeveer $2\frac{3}{4}$ uur voor die video opgeneem is). Die afwesigheid van *rigor mortis* sou met Caleb se sterwe teen 18h45, of vroeër, strook. Uit Booysen se oogpunt is die mees gunstige beskouing van die saak dié wat die tyd van dood so laat moonlik plaas, dwz net voordat sy by Pam Hof teen ongeveer 18h45 teruggekeer het. Die belangrike punt is dat die aanranding nie op die tydstip van sterwe plaasgevind het nie, maar (volgens dr Alli) 'n paar uur vroeër.
52. Die afleiding dat Caleb deur Aysen aangerand was en dat Caleb een en 'n half uur daarna gesterf het sou op twee postulate rus, naamlik [a] dat Aysen vir Caleb onmiddellik na Booysen se vertrek teen 17h15 aangerand het en [b] dat Caleb net voor Booysen se terugkoms teen 18h45 gesterf het. Wat die eerste van hierdie postulate betref, is daar

geen inherente waarskynlikheid in die stelling dat Aysen hoegenaamd vir Caleb aangerand het nie. In die verlede het hy geen neiging getoon om gewelddadig teenoor die kind op te tree nie. In die verlede was dit Booysen, eerder as Aysen wat 'n onvermoë getoon het om haarself te beheer onder druk van die gewone gedrag van haar kind. Al aanvaar 'n mens dat Aysen kon 'n uitbarsting gehad het ("snapped"), sou dit seersekerlik 'n aansienlike tyd gevat het voordat dit sou gebeur het, byvoorbeeld 'n uitgerekte voorval van gehuilery deur Caleb. Aysen het geen rede gehad om onmiddellik na Booysen se vertrek vir Caleb wreed aan te val nie.

53. Die tweede postulaat, naamlik dat Caleb net voor Booysen se terugkoms gesterf het, sou aan 'n alreeds onwaarskynlike beskouing van die saak, 'n opvallende toevalligheid byvoeg.
54. Derhalwe, en selfs sou 'n aanranding so onlangs as een en 'n half uur voor sterwe met die mediese getuienis versoenbaar wees, is ek van mening dat die moontlikheid dat Aysen onmiddellik na Booysen se vertrek vir Caleb aangerand het, so onwaarskynlik is dat dit as 'n redelike moontlikheid uitgesluit kan word. 'n Aanranding op 'n aansienlike latere stadium as 17h15 sou na my mening deur die mediese getuienis uitgesluit word.
55. Mr Theunissen het aangevoer dat die afleiding dat Aysen die aanranding kon gepleeg het, versterk is deur sy gedrag onmiddellik na Caleb se dood. Hy het by die woostel aangebly net totdat Boltman en haar man daar aangekom het en het kort daarna verdwyn. Hy is die volgende oggend deur Eksteen by 'n klein stoorkamer opgespoor wat miskien as 'n skuilplek bestempel kan word. Aysen het sy gedrag aan Eksteen

verduidelik: hy was bevrees dat almal hom sou blameer omdat hy die laaste persoon was in Caleb teenwoordigheid. Ek kan hierdie bekommernis verstaan veral as in gedagte gehou word dat Booysen beweer het dat Caleb lewend en gesond was toe sy vertrek het. Dit is ook nie heeltemal duidelik dat Aysen wel weggekruip het nie. Smousery het in daardie gebied plaasgevind en Aysen, wat 'n smous is, was onder die smouse daar bekend. In elk geval, kan daar nie bevind word dat Aysen se optrede die gevolg was van 'n skuldige gewete nie.

56. Dit is dus my gevolgtrekking dat Caleb aangerand moes gewees het voordat Booysen die woonstel teen (ten vroegste) 17h15 verlaat het. Is daar 'n redelike moontlikheid dat iemand anders as Booysen die aanranding in haar teenwoordigheid kon uitgevoer het? Die antwoord moet ontkennend wees. Booysen het vir die polisie en (deur haar regsvertegenwoordiger) vir die hof 'n verontskuldigende weergawe aangebied. Die beste en mees voor die hand liggende verontskuldigende weergawe (as dit waar was) sou gewees het dat sy 'n aanval op Caleb deur iemand anders waargeneem het. Sy het op geen stadium so 'n suggestie gemaak nie. Intendeel sy het beweer dat Caleb lewend en gesond was toe sy die woonstel verlaat het.
57. Is dit 'n redelike moontlikheid dat die aanranding deur iemand anders gepleeg is, toe Booysen in die woonstel teenwoordig was, maar dat sy onbewus was daarvan? Weereens moet die antwoord ontkennend wees. Die fotos en skets in bewysstuk "H" toon 'n nederige woonplek met twee kleinerige voorkamers en 'n slaapkamer. Die wreedheid van die aanranding was van so 'n aard dat niemand wat ten tye van die voorval in die woonstel teenwoordig was onbewus daarvan kon gebly het nie. 'n Mens kan boonop aanvaar dat as iemand anders as Booysen vir Caleb

aangerand het, hy sou geskreeu het en huilend na sy ma gegaan het. Booysen kon nie onder daardie omstandighede geglo het dat die kind lewend en gesond was toe sy die woonstel verlaat het om vir Andrews te besoek nie.

58. Is dit redelik moontlik dat Caleb óf deur Aysen óf deur 'n onbekende derde party voor 17h15 aangerand is, maar op 'n stadium toe Booysen van die woonstel afwesig was? Soos ek alreeds gesê het, was Booysen se eie weergawe dat Aysen weg was van die woonstel en dat met sy terugkoms sy vertrek het om vir Andrews te besoek. Indien Booysen vir Caleb alleen met Aysen of 'n derde party vroeër in die dag gelos het, sou sy dit sekerlik vir die polisie gesê het, want sy wou haarself veronskuldig. Daar is geen twyfel dat sy saam met Caleb was, heel waarskynlik alleen, vir 'n hele ruk voordat Aysen in die laatmiddag teruggekeer het. As Caleb op 'n vroeër stadium daardie dag aangerand was, is dit moeilik om te begryp hoe die kind se ma onbewus kon gebly het van die aanranding gedurende die ure wat sy daarna in die namiddag met Caleb deurgebring het. Onmiddelik na die aanranding sou Caleb groot pyn gely het. Sy onsteltenis sou vir sy ma voor die hand liggend gewees het. Daarna sou hy geleidelik lomerig geraak het. As hy lomerig of half-bewusteloos was gedurende die uur of twee voordat sy die woonstel verlaat het om vir Andrews te besoek, sien ek nie hoe sy kon versuim het om te besef dat daar iets ernstig fout was met die kind nie. En as hy nog nie lomerig was nie, sou sy onsteltenis vir haar duidelik gewees het.
59. Die moontlikheid van 'n aanranding deur 'n onbekende derde party is op verdere gronde totaal onwaarskynlik. Die nadoodse ondersoek het geen tekens van seksuele molestasie aangedui nie. Daar was geen inbraak by

Pam Hof 6 gerapporteer nie. Om watter rede sou 'n onbekende derde party moedswillig 'n twee jaar oud kind wreed aangeval het?

60. Wat dan van die moontlikheid dat Booysen self vir Caleb aangerand het? Hierdie moontlikheid blyk die enigste oorblywende afleiding te wees en dit is heeltemal waarskynlik. Dit is natuurlik so dat 'n kind gewoonweg daarop geregtig is om te verwag dat hy liefde en sagtheid van sy moeder sal kry, en nie mondelingse en fisiese aggressie nie. Caleb se kort lewe was ongelukkig anders. Daar is direkte, geloofwaardige en meestal onbetwiste getuienis oor haar mishandeling van die kind. Sy het selfs redes vir haar gedrag aan haar vriende en deur haar regsverteenvoerder aangebied, naamlik dat die kind se pa in die tronk was, dat sy alleen met die kind gelos was, dat dit swaar met haar gegaan het en dat sy met armoede gesukkel het. Geen beswaar is teen die toelating van die getuienis oor Booysen se behandeling van die kind aangeteken nie en Mnr Theunissen het nie in sy betoog aangevoer dat hierdie getuienis ontoelaatbare soortgelyke-feite getuienis is nie. Ek hoef dus nie op daardie netelige onderwerp in te gaan nie behalwe om te sê dat die getuienis na my mening wel toelaatbaar en relevant is – sien veral Zeffertt *et al The South African Law of Evidence* (2003) bl 280-281).
61. Daar kan boonop bygevoeg word, dat volgens Witbooi, het Booysen geen emosie of droefheid op die aand van 21 Mei 2010 of toe sy op 23 Mei 2010 gearresteer isgetoon nie. Mnr Theunissen het aan Witbooi gestel dat daar mense is wat hartseer kan ervaar sonder om tekens daarvan na buite te toon, maar hy het nie Witbooi se beskrywing van Booysen se houding betwis nie.

62. Sodra die moontlikheid uitgesluit word dat Aysen die aanranding gepleeg het nadat Booysen die woonstel verlaat het om vir Andrews te besoek, is daar ook die feit dat Booysen die bewering gemaak het dat Caleb lewend en gesond was toe sy teen ongeveer 17h15 vertrek het. Dit kan eenvoudig nie waar wees nie. As Caleb alreeds aangerand was en as die pleger iemand anders as Booysen self was, sou sy 'n verontskuldigende weergawe tot dien effek aangebied het. Intendeel, sy het valslik beweer dat Caleb ongedeerd was toe sy die woonstel verlaat het. Daar is ook die hoorsê getuienis van wat Aysen vir die polisie gesê het. Omdat hoorsê getuienis uit die aard van saak nie getoets kan word deur kruisondervraging nie, kan dit gewoonlik nie dieselfde gewig dra as direkte getuienis nie. Mr Theunissen het ook aangevoer dat Aysen rede gehad het om 'n vals weergawe te gee, naamlik om homself te beskerm. Maar die hof het alreeds, op ander gronde, tot die slotsom gekom dat dit nie redelike moontlik is dat Aysen vir die aanranding verantwoordelik kon gewees het nie. Om daardie rede hoef sy hoorsê weergawe nie met dieselfde skeptisisme beskou te word as wat anders die geval mag gewees het nie. Daar is ook die feit dat sy hoorsê weergawe tot 'n mate deur die mediese getuienis gestaaf is: daar was interne/inwendige kneusings in die nek area, en die kneusing op Caleb se laer rug sou met 'n harde stamp teen 'n tafel strook. Aysen se weergawe kan dus as 'n brokkie getuienis op die weegskaal bygevoeg word.
63. Bowendien is daar die feit dat nieteenstande die bestaan van 'n *prima facie* saak teen haar, Booysen gekies het om nie getuienis af te lê nie. Dit was haar reg om te swyg maar dan moet sy haar met die gevolge daarvan vereenselwig. As Caleb lewend en ongedeerd was toe sy die woonstel teen of later as 17h15 verlaat het, was sy in staat om dit onder eed vir die hof te sê. Ek sou ook gedink het dat Booysen, synde die kind se ma en

primêre versorger , in hierdie omstandighede haarself wou verdedig teen die aantuiging dat sy haar eie kind doodgemaak het. 'n Mens kan die moontlikheid met veiligheid uitsluit dat sy weens 'n onbesonne gevoel van lojaliteit teenoor Aysen geswyg het. Tot met die sluiting van haar saak, het sy geen voorbehoud getoon om vir Aysen te inkrimineer en haarself te verontskuldig nie. Haar versuim om haar weergawe onder eed aan te bied regverdig 'n ongunstige afleiding wat in die weegskaal geplaas kan word as die hof die besluit maak of haar skuld bo redelike twyfel bewys is (sien *S v Mavinini* 2009 (1) SA SACR 523 (SCA) para 23; *S v Rinquest* [2010] ZAWCHC 577 paras 30-35). In *S v Boesak* 2001 (1) SASV 1 (KH) het die hof dit soos volg gestel (11e-f):


"The fact that an accused person is under no obligation to testify does not mean that there are no consequences attaching to a decision to remain silent during the trial. If there is evidence calling for an answer, and an accused person chooses to remain silent in the face of such evidence, a court may well be entitled to conclude that the evidence is sufficient in the absence of an explanation to prove the guilt of the accused. Whether such a conclusion is justified will depend on the weight of the evidence."

64. Mnr Theunissen het aangevoer dat dit hoogs onwaarskynlik is dat Booysen haar kind sou aangerand het en toe koelbloedig weggestap het om haar niggie te besoek en kos te eet. Wat daardie submissie uit die oog verloor is dat Booysen, soos ek aanstons sal verduidelik, wel kon versuim het om op daardie stadium die kritieke erns van die situasie te besef.
65. In al die omstandighede is dit die hof se bevinding dat dit bo alle redelike twyfel bewys is dat die beserings wat Caleb se dood veroorsaak het deur Booysen toegedien is.

66. Dit sal uit die voorgaande ontleding ook blyk hoekom dit nie bevind kon word dat die Staat bo alle redelike twyfel bewys het dat Aysen betrokke óf as 'n pleger óf as 'n bystander was nie. Sy besluit om geen getuienis aan te bied regverdig nie, soos in Booysen se geval, in ongunstige afleiding nie. Toe die hof sy aansoek om ontslag geweier het, het die hof gesê dat daar geen *prima facie* saak teen hom was nie. In die lig van hierdie voorlopige bevinding was hy nie geroepe om getuienis aan te bied nie, tensy Booysen getuienis voor die hof geplaas het wat hom geinkrimineer het.
67. Die feit dat Booysen die beserings toegedien het, beteken nie dat die Staat bo alle redelike twyfel bewys het dat sy Caleb vermoor het nie. Voordat haar optrede as moord geklassifiseer kan word moet die hof bo alle redelik twyfel tevrede wees dat sy Caleb met opset doodgemaak het. Die Staat het beslis nie bewys dat sy so 'n opset in die vorm van *dolus directus* gehad het nie. Met ander woorde, die Staat het nie bewys dat sy vir Caleb aangerand het omdat sy wou hê dat hy moet dood gaan nie. Die getuienis van haar vroeër mishandeling van die kind en die redes daarvoor dui eerder daarop dat sy teen hom weldadig gereageer het weens een of ander voorval wat die stoot gegee het tot haar onderdrukte frustrasie. Inderdaad was Caleb nie daar en dan gedurende die aanval doodgemaak nie. Hy het 'n paar uur oorleef. Dit is nie onwaarskynlik dat Booysen daarvan onbewus was dat Caleb se geleidelike lomerigheid die gevolg was van ernstige interne beserings en die voorloper van die dood was. Die feit dat sy Andrews gaan besoek het om iets te kry om te eet en elektrisiteit te koop, is 'n aanduiding dat sy miskien nie die erns van die situasie besef het nie.

68. Die volgende vraag is of Booysen se geestestoestand met sogenaamde *dolus eventualis* ooreengestem het. Met ander woorde, het sy subjektief die moontlikheid dat haar aanval op Caleb tot sy dood mag lei voorsien en was sy roekeloos aangaande die feit dat die aanranding noodlottige gevolge mag meebring? As dit haar geestestoestand was sou sy nog steeds aan moord skuldig bevind kon word (*S v Sijwahla* 1967 (4) SA 566 (A) at 570B-E; *S v Van Aardt* 2009 (1) SASV 648 (HA) paras 36-40). Omdat daar selde direkte getuienis oor 'n beskuldigde se geestestoestand is, is die Staat geregtig om op afleiding te steun, maar dan moet die hof bo alle redelike twyfel tevrede wees dat die beskuldigde inderdaad subjektief die moontlikheid van noodlottige gevolge voorsien het en dat die beskuldigde roekeloos aangaande die gevolge was. Dit is nie genoeg dat 'n redelike persoon in die beskuldigde se posisie die moontlikheid van die dood sou voorsien het nie.
69. Daar is geen getuienis in hierdie saak oor die presiese omstandighede waarin die aanranding plaasgevind het nie. 'n Mens weet nie of daar 'n enkele voorval of 'n paar uitbarstings gedurende die dag was nie. 'n Mens weet ook nie wat presies aanleiding gegee het tot die aanranding nie. Soos ek alreeds opgemerk het is dit nie onwaarskynlik dat Booysen teenoor Caleb gereageer het weens 'n optrede van sy kant wat haar opgesluite druk en frustrasie laat uitbars het. Alhoewel die mediese getuienis daarop op dui dat 'n baie ernstige aanranding plaasgevind het, is ek nie, gegewe die emosionele toestand waarin Booysen mag verkeer het, daarvan oortuig dat die gedagte dat haar kind mag doodgaan noodwendig haar bygeval het nie. Haar daaropvolgende optrede deur Andrews te besoek mag miskien 'n aanduiding wees, soos ek alreeds gesê het, dat sy nie die erns van haar gedrag teenoor Caleb besef het nie.

70. Die hof kan dus Booysen nie aan moord skuldig bevind nie. Daar is egter geen huiwering by my nie dat 'n redelike persoon in Booysen se posisie die moontlikheid sou besef het dat om 'n kind van twee jaar onderworpe te stel aan die soort geweld wat deur die nadoodse ondersoek aangedui is, tot die kind se dood mag lei nie. Die gepaste skuldigbevinding is dus een van strafbare manslag. Dit is 'n bevoegde skuldigbevinding op 'n klag van moord (s258(i)).
71. Die eerste beskuldigde, Chantel Booysen, word dus aan strafbare manslag skuldig bevind.
72. Die tweede beskuldigde, Quinton Aysen, was, soos voorheen genoem en weens redes wat hieruit blyk, op die klagte wat teen hom ten laste gelê is, vrygespreek.

**ROGERS AJ****17 AUGUST 2011**